basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

PUNTE	

JAARLIKSE NASIONALE ASSESSERING 2012
GRAAD 6 AFRIKAANS HUISTAAL
TOETS

PUNTE: 50

TYD: 1½ uur

PROVINSIE _____

STREEK _____

DISTRIK _____

NAAM VAN SKOOL_____

NASIONALE OBIS-NOMMER (9 syfers)

KLAS (bv. 6A) _____

VAN _____

NAAM _____

GESLAG (✓)

SEUN		DOGTER	

GEBOORTEDATUM

C	C	Y	Y	M	M	D	D

* 6 A F H L *

Hierdie toets bestaan uit 15 bladsye, die voorblad uitgesluit.

Instruksies aan leerders

1. Lees al die instruksies noukeurig deur.
2. Beantwoord al die vrae in die spasies wat voorsien word.
3. Die onderwyser sal jou deur die praktiese voorbeeld lei voordat jy met die toets begin.
4. Die toets duur 90 minute.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Praktiese voorbeeld

Omkring die letter voor die korrekte antwoord.

Bafana Bafana is die sokkerspan van ...

A Australië.
B Suid-Afrika.
C Kameroen.
D Nigerië.

Jy het die vraag korrek beantwoord as jy B omkring het.

Die toets begin op die volgende bladsy.

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan Vraag 1 tot 5.

Musiek is die hartklop van Afrika.
En soos ons tromme slaan
word ons geslaan
deur die pols van Afrika.

Ons vier fees,
soos ons ons voete stamp.
Ons vier fees,
soos ons die ritme stamp.
Die ritme van Afrika.

Musiek is die harmonie van Afrika.
Soos ons sing,
word ons besing,
deur die melodie van Afrika.

Ons sing ons lied vir Afrika.
Ons vier fees, terwyl ons saam neurie.
Ons neurie vir Afrika.
Halala, Afrika, halala is ons neuriesang.

Musiek is die gom van Afrika,
en soos ons bind
word ons gebind,
Ons eenheid is Afrika-musiek.

– Onbekend

1. **Omkring die letter voor die korrekte antwoord om die sin te voltooi.**

1.1 Mense van Afrika "word geslaan" deur die … van Afrika.

A ritme
B pols
C melodie
D eenheid (1)

1.2 “Musiek is die gom van Afrika” omdat dit mense …

A saambind.
B uitmekaar dryf.
C depressief maak.
D laat dans. (1)

1.3 Musiek is die “pols van Afrika”. Dit beteken musiek is die …

A hartklop van die mense van Afrika.
B lied en trane van Afrika.
C hartseer van die mense van Afrika.
D geluide van die Afrikatromme. (1)

2. Die tema van die gedig kan die beste beskryf word as die belangrikheid van ...

A tromme vir die mense van Afrika.
B melodieë vir die mense van Afrika.
C musiek vir die mense van Afrika.
D sangers vir die mense van Afrika. (1)

3. **Omkring die letter voor die korrekte antwoord.**

3.1 Die liedere van Afrika ...

A bring ons bymekaar.
B dryf ons uitmekaar.
C word vir ons gesing.
D is vir ons bedoel. (1)

3.2 Die woord “halala” is ŉ voorbeeld van ... taal.

A formele
B informele
C akademiese
D godsdienstige (1)

4. **Omkring die letter voor die korrekte antwoord.**

4.1 Die beeldspraak wat in die reël “Musiek is die hartklop van Afrika” aangetref word, is ŉ voorbeeld van ...

A ŉ vergelyking.
B alliterasie.
C ŉ metafoor.
D assonansie. (1)

4.2 Watter stelling verduidelik die beeldspraak wat in Vraag 4.1 genoem is?

“Musiek is die hartklop van Afrika.” Dit beteken musiek is ...

A ŉ trom vol gelukkige harte.
B die geluid wat ons harte maak.
C ŉ lied in ons harte.
D ŉ hart wat lewe gee aan sy mense. (1)

5. Dink jy die digter is trots op Afrikamusiek? Gee ŉ rede vir jou antwoord.

_____

_____ (2)

Bestudeer die foto hieronder en beantwoord Vraag 6 en 7.

6. **Hoe, dink jy, voel die leerders in die foto? Noem TWEE verskillende emosies wat jy kan sien.**

_____

_____ (2)

7. **Noem TWEE leidrade wat in die foto gevind kan word, wat daarop dui dat die leerders moontlik by die skool kan wees.**

_____

_____ (2)

Lees die teks hieronder en beantwoord Vraag 8 tot 10.

OPPAS – GEVAAR IN DIE HUIS

Elke jaar gebeur daar baie ongelukke waar kinders per ongeluk paraffien drink en daarvan sterf. Kinders neem aan dat paraffien veilig is om te drink omdat paraffien soos water lyk en in koeldrankbottels gegooi word.

Ouers moet daarom die nodige voorsorgmaatreëls tref om te verhoed dat kinders die paraffien per ongeluk drink. Eerstens moet paraffien in ’n deursigtige bottel, wat duidelik gemerk is, gehou word. Tweedens moet dit sover moontlik buite bereik van kinders gebêre word. Selfs die dampe van paraffien is baie gevaarlik.

Ouers moet seker maak dat die bottel paraffien ver van oop vlamme gehou word, want dit kan maklik aan die brand slaan. Gedurende die koue maande in Suid-Afrika is daar baie huise wat vernietig word in brande wat ontstaan as gevolg van paraffien wat per ongeluk uit lampe of stowe gestort word.

[Aangepas uit Wikipedia]

8. **Omkring die letter voor die korrekte antwoord.**

Kies die stelling wat die korrekte **hoofgedagte** van die leesstuk aandui.

A Paraffien word in stowe gebruik.

B Die gebruike van paraffien.

C Die gevaar van paraffien in ons huise.

D Paraffien is baie duur. (1)

9. **Beantwoord die volgende vrae uit die leesstuk:**

9.1 Noem EEN manier hoe daar verhoed kan word dat ’n kind per ongeluk paraffien drink.

_____

_____ (1)

9.2 Waarom moet paraffien nie naby oop vlamme gehou word nie?

_____

_____ (1)

9.3 Skryf TWEE woorde neer wat langs mekaar in die leesstuk staan, wat die teenoorgestelde as **opsetlik** beteken.

_____ (1)

10. **Skryf ’n sin om die betekenis van die onderstreepte woorde te verduidelik.**

10.1 Gebruik die woord <u>deursigtig</u> in ’n sin van jou eie om die betekenis daarvan aan te dui.

_____

_____ (1)

10.2 Gebruik die woord <u>voltooi</u> in ’n sin van jou eie om die betekenis daarvan aan te dui.

_____

_____ (1)

Lees die inligting in die uittreksel hieronder en beantwoord Vraag 11.

Soos alle insekte het miere ses pote. Elke poot het drie litte. Die pote van ʼn mier is baie sterk sodat dit vinnig kan hardloop. As ʼn man so vinnig soos ʼn mier kon hardloop, sou die spoed gelykstaande wees aan dié van ʼn resiesperd. Miere kan 20 keer hulle eie gewig optel. ʼn Mier se brein het ongeveer 250 000 breinselle. Die menslike brein het 10 000 miljoen, so ʼn kolonie van 40 000 miere het gesamentlik dieselfde grootte brein as die menslike brein.

Die gemiddelde leeftyd van ʼn mier is 45 tot 60 dae. Miere gebruik hulle voelers nie net om mee te voel nie, maar ook om mee te ruik. Die kop van ʼn mier het ʼn paar groot, sterk kake. Hierdie kake maak oop en toe soos ʼn skêr. Volwasse miere kan nie vaste kos kou of sluk nie. In plaas daarvan sluk hulle die sap van die stukke kos wat hulle met hul sterk kake uitdruk. Miere gooi dan die uitgedroogde deel wat oorbly, weg. 'n Mier het twee oë, wat saamgestelde oë genoem word. Elke oog bestaan uit ʼn klomp kleiner ogies.

Die agterlyf van die mier bevat twee mae. Een maag hou die voedsel vir homself, en die tweede maag se voedsel word met ander miere gedeel. Net soos by alle insekte, is die buitekant van die mier met ʼn sterk harnas bedek, wat ʼn eksoskelet genoem word. Miere het vier duidelike groeistadia: die eier, larwe, papie en die volwassene. Daar is meer as 10 000 bekende mierspesies.

[Aangepas uit Wikipedia]

11. **Omkring die letter voor die korrekte antwoord.**

11.1 Die frase “leeftyd van ŉ mier” verwys na die ...

A kop van ŉ mier met die sterk kake.
B manier waarop ŉ mier sap uit sy voedsel kry.
C harnas wat die mier se liggaam bedek.
D verwagte tyd wat ŉ mier sal leef. (1)

11.2 Watter EEN van die volgende opsies is nie ŉ kenmerk van ŉ mier nie?

A Dit het ses pote met litte aan elke poot.
B Dit het twee oë en kan vinnig hardloop.
C Die agterlyf het twee mae.
D Dit kan vaste kos kou en sluk. (1)

11.3 Daar is meer as 10 000 mierspesies. Hulle het die volgende in gemeen:

A Hulle kan vir 45 tot 60 jaar leef.
B Hulle gaan deur 4 stadia van ontwikkeling.
C Hulle gebruik hulle voelers om te sien en te hoor.
D Hulle kan so vinnig soos mense hardloop. (1)

12. **Skryf ’n kort storie (6 tot 8 sinne) oor hoe jy ’n dier of troeteldier, wat in die moeilikheid was, gered het.**

Gebruik die korrekte spelling, leestekens en taal.

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____ (6)

13. **Gebruik ŉ *voorvoegsel* of *agtervoegsel* soos hieronder gevra.**

13.1 Gebruik ŉ geskikte *voorvoegsel* om ŉ woord te vorm wat die **teenoorgestelde** betekenis as die woord tussen hakies het.

Daar is (orde) _____ as ŉ huisvlieg op die kos sit. (1)

13.2 Gebruik ŉ geskikte *agtervoegsel* om ŉ **bywoord** van die woord tussen hakies te vorm.

Die huisvrou voel (skitter) _____ wanneer sy die huisvlieg doodslaan. (1)

14. **Skryf die volgende sinne oor in die *verlede tyd*:**

14.1 Frikkie hou daarvan om boeke oor huisvlieë te lees, want hy vind hulle fassinerend.

_____

_____ (1)

14.2 Die vlieë in die kombuis is huisvlieë en hulle het groen oë.

_____

_____ (1)

15. **Voltooi die volgende sin in jou eie woorde:**

Wanneer mense ŉ huisvlieg doodmaak, _____

_____

_____ (1)

16. **Skryf die volgende sin met die korrekte leestekens oor:**

Ekt ʼn huisvlieg gesien skree Frikkie.

_____ (2)

17. **Skryf die volgende sin oor deur met die onderstreepte woord te begin:**

Volwasse vroulike vlieë lê <u>eiers</u>.

_____ (2)

18. **Gebruik die inligting in die tabel hieronder om die kolomgrafiek te voltooi.**

Jy moet besluit watter boeke is fiksie en watter is nie-fiksie. Jy moet dan die getal fiksie- en nie-fiksieboeke wat Frikkie en Precious gelees het, inkleur. Die kolomme vir Sunita is as voorbeeld voltooi.

Naam van leerder	Getal boeke gelees	Soort boeke gelees
Frikkie Coetzer	3	Strokiesverhaalboek
	1	Biografie
Sunita Naidoo	2	Biografieë
	4	Fantasie
Precious Mhati	2	Strokiesverhaalboek
	4	Autobiografieë

Getal boeke	5						
	4						
	3						
	2						
	1						
		Fiksie	Nie-fiksie	Fiksie	Nie-fiksie	Fiksie	Nie-fiksie
		SUNITA		**FRIKKIE**		**PRECIOUS**	

(4)

19. **Gebruik die inligting in die tabel om die volgende vrae te beantwoord:**

19.1 Hoeveel fiksieboeke het Sunita gelees? _____ (1)

19.2 Hoeveel nie-fiksieboeke het Frikkie gelees? _____ (1)

20. **Lees die paragraaf hieronder.**

’n Ouma en haar kleinseun, Pieter, is op pad winkel toe. Hulle moet nog besluit wat om te koop. Ouma dink aan ’n lieflike, rooi handsak of ’n nuwe rok om na ’n troue toe aan te trek. Pieter sal weer mal wees oor ’n blink, nuwe sokkerbal of ’n krieketkolf. Dit is al amper middagete, en hulle besluit om eers iets te eet voordat hulle gaan inkopies doen.

Voltooi die dialoog, op die volgende bladsy, tussen Pieter en Ouma in 6 tot 8 sinne. Gebruik die regte dialoogvorm, leestekens, spelling en taal.

Ouma: Wil jy eers iets eet voor ons gaan inkopies doen?

Pieter: Ouma, ek is so opgewonde! Ek kan glad nie eers aan kos dink nie.

Ouma: _____

_____

Pieter: _____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____ (6)

TOTAAL: 50